

**5 Mei**

**Samuel tree as rigter af**

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 12**

Noudat die volk 'n koning het, moet Samuel as rigter aftree. By Gilgal verwyf hy hulle weer eens omdat hulle 'n koning wou hê. Om hulle te laat verstaan hoe verkeerd hulle gehandel het, stuur die Here – op die gebed van Samuel – die natuurwonder van 'n donderstorm in die oestyd. As die volk bevrees hulle sonde bely, troos Samuel hulle met die versekering dat hy wel as rigter aftree, maar nie as profeet nie. As profeet sal hy steeds vir die volk bid en hulle “in die goeie en reguit pad” onderrig (12:23).

God het vir Samuel as profeet geroep om Israel te lei en die koningskap van Dawid voor te berei. Meer nog: Samuel is as profeet 'n floue afskynsel van die groot Profeet, Jesus Christus. Hy wat vir ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekendgemaak het (HK 12), en wat ons deur sy kruisdood volkome verlos het!

Moses het een keer gewens “dat die hele volk van die Here profete was en dat Hy sy Gees op almal mag lê” (Num 11:29). Hierdie wens het met Pinkster werklikheid geword toe die Heilige Gees uitgestort is, want toe het elkeen van ons profete geword. Om waarlik profeet te kan wees, moet ons biddend kan luister wat God in sy Woord vir ons sê. Daarna moet ons sy Naam op elke terrein van hierdie lewe bely! Doen ons dit, of swyg ons uit skaamte?

Onthou die woorde van die Here Jesus: “Wie My voor die mense verloën, sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemel is” (Matt 10:33).

*Sing: Skrifberyming 43:2, 4*

*Dr. CJ Malan (Emeritus)*